Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 12 – Augustus 2020

Geagte ouers

Welkom terug na baie onderbrekings en onverwagse skoolsluitings. Ons is dankbaar om weer te kan begin.

LIEF
Baie geluk aan Me. Elzet Maritz wat op 23 Augustus verjaar.
Welkom aan Mnr Ruaan Botha wat aangestel is as IT-spesialis en Me. Michelle Schutte wat in Me. Chantelle Schlechter se plek waarneem. Ons glo dat die twee kollegas baie gelukkig by ons gaan wees.
LEED
Juffrou Chantelle Schlechter is steeds in ICU nadat sy 'n beroerte gehad het. Dit gaan onder omstandighede goed met haar. Ons bid vir haar spoedige herstel en spesiaal vir haar gesin in hierdie tyd.
Mnr. Bjarno van Zyl se enkel word die week geopereer. Ons vertrou dat die operasie 'n groot sukses gaan wees en dat hy sommer gou weer op die been gaan wees.
Juffrou Chanté van der Merwe herstel ook na 'n operasie. Ons bid ook vir haar spoedige herstel.
Een van ons leerders, Melandie van der Schyff, herstel ook na 'n breinoperasie. Die klein vegtertjie laat haar nie onderkry nie en is sommer al weer terug by die skool.

DATUMS VIR KWARTAAL 3 VAN 2020

19 Augustus	**Loopbaandag Graad 7. Graad 7's trek aan volgens die beroep waarin hul belangstel.** Leerstof uit aan leerders.
20 Augustus	**Loopbaandag Graad 7. Graad 7's trek aan volgens die beroep waarin hul belangstel.** Leerstof uit aan leerders
24 Augustus	**Toets: Tegnologie Graad 7 Groep 1**
25 Augustus	**Toets: Tegnologie Graad 7 Groep 2** GF: (17:00 – 19:00) Oueraand Gr R-3 in klaskamers. Net leerders wie se ouers uitgenooi is mag bywoon. As u nie uitgenooi word nie en u wil graag die onderwyser sien, epos en maak 'n afspraak vir 'n dag en tyd wat u pas.
26 Augustus	IF: (17:00 – 19:00) Oueraand Gr 4 – 5 in klaskamers. Net leerders wie se ouers uitgenooi is mag bywoon. As u nie uitgenooi word nie en u wil graag die onderwyser sien, epos en maak 'n afspraak vir 'n dag en tyd wat u pas. Pantoffeldag – Bring ou skoene vir behoeftige leerders en dra pantoffels vir die pret. Onthou om die pare skoene aanmekaar vas te maak met 'n rekkie, tou of lint. Hierdie is nie verpligtend nie.
27 Augustus	IF: (17:00 – 19:00) Oueraand Gr 6 – 7 in klaskamers Net leerders wie se ouers uitgenooi is mag bywoon. As u nie uitgenooi word nie en u wil graag die onderwyser sien, epos en maak 'n afspraak vir 'n dag en tyd wat u pas. Pantoffeldag – Bring ou skoene vir behoeftige leerders en dra pantoffels vir die pret. Onthou om die pare skoene aanmekaar vas te maak met 'n rekkie, tou of lint. Hierdie is nie verpligtend nie.
31 Augustus	**Spekboom-uitdaging. Leerders dra gewone klere.** Leerders wat R20 betaal het voor 27 Augustus sal 'n potjie grond en 'n spekboomplantjie kry wat ons in klastyd gaan plant. Die res van die leerders kan self 'n potjie, 'n sakkie grond en 'n spekboomstiggie skool toe bring om te plant. Indien daar ouers is wat spekboompies, bakkies of grond kan skenk vir die projek sal ons dit vreeslik waardeer, want ons wil elke kind 'n

	boompie laat plant ongeag of hul betaal het of nie. Epos hoof@daniemalan.co.za indien u 'n skenking vir die projek wil maak.
1 September	**IF: Toets: Afrikaans Groep 2** **Spekboom-uitdaging.** Leerders dra gewone klere. Leerders wat R20 betaal het voor 27 Augustus sal 'n potjie grond en 'n spekboomplantjie kry wat ons in klastyd gaan plant. Die res van die leerders kan self 'n potjie, 'n sakkie grond en 'n spekboomstiggie skool toe bring om te plant. Indien daar ouers is wat spekboompies kan skenk vir die projek sal ons dit vreeslik waardeer, want ons wil elke kind 'n boompie laat plant ongeag of hul betaal het of nie. Epos hoof@daniemalan.co.za indien u 'n skenking vir die projek wil maak.
2 September	**IF: Toets: Afrikaans Groep 1**
7 September	**Toets: Geografie Groep 1**
8 September	**Toets: Geografie Groep 2**
15 September	**Toets: Geskiedenis Groep 2**
16 September	**Toets: Geskiedenis Groep 1**
21 September	**Toets: EBW Groep 1**
22 September	**Toets: EBW Groep 2**
29 September	**Toets: Engels Groep 2**
30 September	**Toets: Engels Groep 1**
5 Oktober	**Toets: NW en NWT Groep 1**
6 Oktober	**Toets: NW en NWT Groep 2**
12 Oktober	**Toets: Wiskunde Groep 1**
13 Oktober	**Toets: Wiskunde Groep 2**
20 Oktober	GF: Rapporte uit aan leerders
21 Oktober	GF: Ouervergadering Gr R - 3 (17:00 – 19:00)
23 Oktober	**11:00 - SKOOL SLUIT**

ALGEMENE JAARVERGADERING

- Neem asseblief kennis dat die Algemene Jaarvergadering van die Beheerliggaam sal plaasvind op Woensdag 14 Oktober 2020 om 18:30 in die skoolsaal.
- Alle ouers word genooi om die vergadering by te woon.
- Indien die bestaande Covid 19-regulasies teen 13 Augustus steeds in plek is, sal u 'n uitnodiging kry wat u elektronies moet aanvaar sodat ons nie die voorgeskrewe getal oorskry nie.
- Tydens die vergadering sal die begroting van 2021 bespreek en goedgekeur word.
- Die begroting van 2021 en die goedgekeurde finansiële state is vanaf 1 Oktober 2020 by die kantoor ter insae.
- Maak 'n afspraak by die kassiere indien u dit wil besigtig.
- Indien ons nie 'n kworum bereik met die vergadering op 14 Oktober 2020 nie, sal die Algemene Jaarvergadering op **21 Oktober 2020** plaasvind om 18:30.

LAATKOM:

- Neem kennis dat die skool 07:20 vir Graad 4-7 leerders begin en 08:00 vir Graad R-3.
- Maak seker dat u kind betyds is vir skool.
- Leerders wat laat kom sal 'n debiet (-1) ontvang per dag vir laatkom.

AFWESIGHEDE:

- Moenie u kind onnodig uit die skool hou nie.
- Maak seker dat u kind op Vrydae skool bywoon, indien u kind 'n brief oor Vrydag-bywoning ontvang het. Skoolbywoning op Vrydae is verpligtend vir sodanige leerders.
- Indien u onseker is of u kind op 'n Vrydag skool moet bywoon epos asb. u kind se voogonderwyser om te bevestig.

MASKERS:

- Ons het baie maskers oor. Indien u twee maskers vir u kind benodig, laat weet asb. u kind se voogonderwyser.
- Ons sal dan vir sodanige kinders maskers gee.

FOTOBOEK GRAAD 7

- Ons is besig om 'n Graad 7 Fotoboek van 100 bladsye saam te stel. Die boek gaan net Graad 7 foto's van die jaar bevat en gaan volkleur wees. Die koste per boek is **R250.00** vir 'n sagtebandboek. Voorbeelde kan besigtig word by die kantoor. **Indien u 'n elektroniese betaling doen moet u, u familiekode en fotoboek as verwysing gebruik. Indien u dit nie doen nie gaan u betaling nie na die korrekte begrotingsrekening geplaas word nie. Dring ook aan op 'n kwitansie en hou asb. tot u die fotoboek ontvang het.** Die laaste dag vir betalings is 30 November. Die volgende foto's gaan in die boek verskyn:

- Klasfoto's en enkelfoto's van elke graad 7 leerder en klas.
- Waatlemoenfees, Sokkie, Gedenkmuur, Merietefunksie, Kleurfees, Atletiek, Netbal, Tennis, Koor, Skaak, Terug skool toe na inperking, lockdown foto's ens.

– Neem kennis dat die leerders die boek eers in 2021 sal ontvang. Ons sal u per SMS inlig as u die boek kan kom afhaal.

HERWINNING

– Onthou om papier, karton, plastiekbottels en blikkies skool toe te stuur.
– Ons versoek dat u dit nou in hierdie tyd self op 'n Dinsdag voor die herwinningshek net bokant die kantooringang in Koos de La Reystraat sal gaan aflaai.
– U kan dit op die sypaadjie voor die hek los. Lucky sal dit daar kry.
– Maak seker dat die items wat u bring reeds skoon is en wel herwin kan word.

NASKOOL

- Leerders mag na die naskool kom op die dae wat hul skool toe mag kom.
- 'n Verlaagde tarief van R520.00 per maand is betaalbaar of R130.00 per week.
- Nuwe leerders kan van maand- of week-opsies gebruik maak.
- Kontak Joeanne by naskool@daniemalan.co.za vir meer inligting.

ONBEKENDE DEPOSITO'S

- Die volgende elektroniese betaling ontvang, se verwysingsnommer is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2020/02/12	EC E Bennett	R1000,00
2020/03/26	CAPITEC DANIE MALAN	R 990,00
2020/05/21	Zinande1208165184034	R1200,00
2020/06/30	SCHOOLFEE BURSARIES	R4000,00
2020/07/01	Skool Fonds	R800,00
2020/08/01	Amone	R1030,00
2020/08/02	Danie Malan	R1820,00

- Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
- Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik.
- Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode 'n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg.
- Indien u vir iets anders behalwe skoolgeld moet betaal u die familiekode en 'n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

Baie sterkte vir kwartaal 3.

Groete

Hettie Smith

Hettie Smith

No 17 Summerhill
Cura street 1065
Equestria
0186
Cell:083 292 0933
Fax: 086 292 0933
Email: degoedemelinda@gmail.com
BK No.: 1999/013278/23

Geagte Ouer / Voog

INTENSIEWE NETBAL VAARDIGHEIDSONTWIKKELINGSPROGRAM: COVID 19 (1 September – 30 November 2020)

Daar is geen inperking om nie te mag oefen nie, Melinet gaan al die regulasies van COVID 19 toepas. Kyk asseblief na die video hoe ons dit by die nuwe fasiliteite gaan doen.

Akademie Gr R, Gr 1 - 7 – https://youtu.be/71Zr4DBWVbk

Sodra dogtertjie / mamma by die hek inkom, word hul temperatuur geneem en opgeskryf. Hulle hande word met sanitasie ontsmet. Almal staan in 'n ry, met sosiale distansiering (kegels word vooraf uitgepak) Elkeen se toerusting word ontsmet. (Indien sy haar eie bal bring moet dit asb haar naam ophê). Elke dogtertjie beweeg na eie oefenarea. Na afloop van oefening word hande weer ontsmet. Dogtertjies moet 'n masker op hê. Terwyl dogters oefen trek hul dit tot net onder die neusie. Dit is baie belangrik dat indien dogters siek voel sy nie oefening sal bywoon nie.

Ons kinders was vir hierdie jaar met min blootstelling aan fisiese aktiwiteite. Daar was geen mini- of gewone netbal nie. Ons groter dogters het geen / of min vriendskaplike of liga- wedstryde gespeel nie. As.gevolg hiervan gaan die dogters se vaardigheidsvlakke vir 2021 drasties verswak.

MELINET GEE AANDAG AAN ELKE DOGTERTJIE SE EIE POTENSIAAL

- Kwaliteitsvaardigheidsoefeninge en genotvolle deelname.
- Ontwikkel elke kind se vlak van vaardigheid en nie die spel nie.
- Geen kontak met ander maaitjies nie. Sien asseblief die video.
- Balwerk, voetwerk en reaksie.
- Opskerping van groot motoriese vaardighede.
- Fiksheid: oefenprogramme vir vakansies.
- Aanvallende en verdedigende vaardighede.
- Beter voor te berei vir 2021 seisoen.

Groot pret! Oefen met 'n masker in jou eie spasie met toerusting.
EERSTE OEFENING:

Gr R – Gr 7 : Woensdag – 2 September (16:00-17:00)
Waar: St Johnns Baptist Church
Koste per maand: R230.00 (1 September - 30 November) 3 maande x R230-00

Stuur asseblief 'n e-pos na melinet.payments@gmail.com of whatsapp na 083 292 0933 (Melinda) indien u belangstel en 'n inskrywingsvorm benodig.